# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## *Ons was Vyande, ons is Verander, ons staan Vas vorentoe*

**Skriflesing:** Kol 1:14-23
**Teksvers:** Kol 1:21-23

**Sing**:
Ps 66-1:1,7
Ps 48-1:1,4
Sb 2-5:1,3
Ps 130-1:1,2
Lied 308:1-3
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Nicolene Wattel
**Klank**: Thinus Smuts
**Prediker**: Ds Zander van't Zand
GK Middelburg-Noord

Jy het verander. Dit hoor mens gewoonlik na 'n lang tyd van geleidelike verandering, wanneer iemand skielik besef dat jy nie meer dieselfde persoon is nie. Nadat jy ander gewoontes en ander maniere aangeleer het, dan eers verander jou status in iemand se oë.

Met die Here werk dit anders. Jy word nie verander deur iets wat jy doen nie, maar jy word deur Jesus verander na iets heeltemal anders toe. Dan sit ons wel in die ongemaklike plek dat ons gewoontes moet opvang by dit wat ons werklik is.

Daarom ervaar ons wrywing in ons geloofslewe, omdat Jesus ons verander het vanaf 'n vyand na 'n heilige toe.

**SONDAGAAND 18:00**

## *Dwaas by die wêreld, is wys by God!*

**Skriflesing:** I Kor 1:18-31

**Teksvers:** I Kor 1:18-21

**DL**: Afsluiting

**Sing**:

Ps 19;1,5,6
Ps 138:1, 2
Sb 1-1:1,3,6
Sb 17-2:1,2,5,7,8
Sb 13-3

**Orrelis**: Corlea vd Walt
**Projektor**: Jaco Wattel
**Klank**: Jan Reesink
**Prediker**: Ds Maarten van Helden

As daar iets sou wees soos 'n "heilige sarkasme" sou dit in hierdie teks staan: "*…het dit God behaag om deur die dwaasheid van die prediking dié te red wat glo*" (1:21). Die dwaasheid hier bedoel is nie onskuldige onnoselheid nie. Die Griekse "*moria*" beteken immers om moedswillig nie jou verstand te gebruik of reg te gebruik nie.

'n Moros of moron/moroon is dus 'n dwaas.

"*Moria*" staan direk teenoor die "*sofia*" (wysheid/etiek) van die Grieke. Tiperend van die heidense '*sofia'* is die vertikale lyn van onder na bo – die mens moet opklim na die hoëre wêreld van die goeie. Die evangelie is daarom dwaasheid (moria) vir die Grieke… want die boodskap van Christus is een van Bo na onder!!

*God gryp van bo in met herskepping en wedergeboorte, alleen op grond van sy ewige uitverkiesende liefde en genade.*

Die '*woord van die kruis'* nl. God se werk in die dood en opstanding van Christus, is dus *dwaasheid* vir die Grieke (heidene), maar dit is ware '*sofias'* (ware *wysheid*) by God! Die 'moron' sal dit egter altyd betwyfel, bevraagteken en bestry.

En ek en jy? Vir ons is dit verlossing van bo… dít is ware wysheid van God, tot ryke troos en krag vir elke dag!!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 44 Nr 24 28 Julie 2019**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE


## Epiloog van die Dordtse Leerreëls

Die voorgaande is dan die duidelike, eenvoudige openhartige verklaring van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels waaroor in Nederland verskil van mening is. Tegelykertyd is dit die verwerping van die dwalings waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering was.

Die Sinode oordeel dat hierdie uiteensetting uit die Woord van God geneem is en met die belydenisse van die Gereformeerde Kerke ooreenstem. Hieruit blyk dit duidelik dat mense in stryd met alle waarheid, eerlikheid en liefde die volk die volgende wou wysmaak:

- dat hierdie leer 'n oorkussing van die duiwel en die sondige natuur en 'n vesting van die Satan is, waaruit hy vir alle mense hinderlae opstel, die meeste verwond en baie met pyle óf van wanhoop óf van sorgeloosheid dodelik tref;
- dat hierdie leer God tot outeur van die sonde, 'n onregverdige, 'n tiran en 'n huigelaar maak en dat dit niks as die herleefde leer van die Stoïsyne, Manigeërs, Libertyne en Moslems is nie;
- dat hierdie leer die mense sorgloos maak en dat hulle hulle daardeur verbeel dat, op watter wyse hulle ook al leef, dit nie die saligheid van die uitverkorenes verhinder nie en dat hulle gevolglik sonder kommer allerhande afskuwelike sondes kan doen;
- dat dit die verworpenes nie tot saligheid strek nie, selfs al sou hulle inderdaad ook al die werke van die gelowiges verrig;
- dat volgens hierdie leer God enkel en alleen deur sy wilsbesluit en sonder oorweging of inagneming van enige sonde van enig-iemand die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;
- dat net soos die verkiesing die fontein en die oorsaak van die geloof en die goeie werke is, die verwerping ook so die oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid is;
- dat baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word, sonder dat die bloed van Christus of hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees.

En watter baie ander soortgelyke bewerings is daar nie wat die Gereformeerde Kerke nie aanvaar nie, en totaal verfoei!

Vervolg op bl 5...

## *ALGEMENE INLIGTING*

### *EREDIENSTYE*

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

| | |
|---|---|
| Telefoon: 012 664 2614 | Basdenlaan 226 |
| Faks: 012 664 0004 | Lyttelton |
| Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za** | 0140 |

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/082 964 5595
Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

---

**DIENSBEURTE**: Ouderlinge: Tewie Human Alethea: Hennie Lee

Diaken: Corné du Plessis

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES:** **www.gkcenturion.co.za**

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

**KATKISASIE**: Vandag: Les 16, Sb 18-6:4

Volgende week: Les 17, Sb 18-6:5

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr)**: Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

| Kerk se bankbesonderhede: | Inbetalings vir die Diakonie: | Inbetalings vir die Susters: |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



# BYBELSKOOL van CENTURION

bied aan

## My identiteit in Jesus Christus

olv ds Paul vd Berg

In die afgelope jare het daar al baie snaakse beskouinge oor "*wie die mens is*" na vore gekom. So is daar 'n sekere tendens waar mense vandag hulle kinders seksueel neutraal wil groot maak sodat hulle eendag self sal kan kies of hulle 'n man of vrou wil wees.

Die media en selfs kerke het die afgelope tyd oor homoseksualiteit gepraat. Voorstaanders van byvoorbeeld homoseksualiteit sal sê dat: "*God my so gemaak het,*" of "*dat ek is wat my gene of my omgewing my gemaak het*".

Ander mense het groot geword met 'n swak selfbeeld en glo soms selfs dat dit 'n geestelik bate is om negatief en sleg van myself te dink. Daar is ook mense wat hulle identiteit daarin vind oor wat hulle in hulle lewe al gedoen of bereik het. Dit kan 'n oordrewe positiewe of negatiewe identiteit tot gevolg hê.

Ons gaan in hierdie vyf sessies kyk na wat die Here in sy Woord sê oor my identiteit. In besonder my identiteit in Christus. Kan dit wees dat ek 'n valse identiteit najaag in my lewe? Hoe weet ek regtig wat God se wil oor die identiteit van die mens is?

**Datum**: 20 Augustus tot 17 September 2019

**Tyd**: 19:00 – 20:30 Elke Dinsdagaand

**Plek**: Gereformeerde Kerk Centurion

**Koste**: R100 pp

---

### Gemeentekamp 2019

**Tema**: Verbly julle in die Here (Fil 4:4)

**Datum**: 4 tot 6 Oktober 2019

**Plek**: Achterbergh Oase, Krugersdorp

Warm en koue swembad, kampstaanplekke, huise en kamers beskikbaar. Kom geniet 'n naweek van speel, eet en lekker kuier. Koste (met etes vir die naweek):

**Gesinskamers** R330pppn, R300 per kind

**Huise en luukse kamers** R540pppn, R510 per kind

**Kamp** R245pppn, R130 per kind

Kom ons loof die Here!

Kontak: PW Groenewald 0828990342

### Senior Aksie

Die Seniorgroep kom weer Maandag,

**5 Aug 2019** om **10:00 in die saal** bymekaar.

Oudioloog, Rie Rossouw, kom met ons gesels oor:

- Gehoor, gehoorverlies en gehoorapparate.
- Sy gaan demonstrasie gee met gehoorapparate.

Elkeen wat so 'n praatjie bywoon ontvang 'n gratis siftings-gehoortoets sowel as 5 % afslag op gehoorapparate.

Kom maak gebruik van hierdie inligting en aanbod.

Albie Venter

**Hoop & Help Life Coaching** en Pastorale berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257.

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee.(664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

**Groot opgewondenheid by die Kinderhuis vir ons 80ste Verjaarsdag Partytjie!**

Tafels te koop vir hierdie kuier, dans en ete-bederf aand. 7 September by Hoërskool Oos-Moot. Die Campbells gaan behoorlik die plek aan die brand sing! Bespreek so gou as moontlik kaartjies/tafel vir jou, jou gesin, jou familie, jou kollegas, jou bure.....

Kontak my gerus vir bespreking!
Marlene 012 3321366/ bemarker2@telkomsa.net

**TEESKINKBEURTE**



Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

| | | |
|---|---|---|
| 28-Jul | C08 | Marietjie Smit |
| | C09 | Marique le Roux |
| | C10 | Minnette de Beer |
| 04-Aug | C12 | Christi Venter |
| | C14 | Annemarie van Wyk |
| | C15 | Fransa van Niekerk |

## Olyfboom Kuier

Intergereformeerde Jeugbyeenkoms (ouderdom 18 - 27)

**4 Augustus 2019.**

by GK Centurion

Kom kuier saam na die aanddiens

## *VERJAARSDAE*



***"...U sorg vir my." Ps 16:5***

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Jul | Frances | Dreyer | B09 | 27768041582 |
| | Willie | Kruger | B16 | 27795214861 |
| | Gerrie | Smit | C03 | 27826409228 |
| | Sarie | vd Merwe | C02 | 27725004770 |
| | Renske | Verburgh | C08 | 27784345760 |
| 29-Jul | Luit | Bakker | B21 | 27722009778 |
| | Dina | vd Berg | B11 | 27833051305 |
| | Chantel | Visser | C05 | 27824578696 |
| 30-Jul | Deon | Deetlefs | A05 | 27845241404 |
| | Neels | Engelbrecht | A14 | 27837613757 |
| | Mariaan | Prinsloo | B04 | 27836315798 |
| | Ina | Wiegand | A11 | 27828874046 |
| 01-Aug | George | Erasmus | C06 | 27824941299 |
| | Melissa | Visser | B19 | 27793147672 |
| 02-Aug | Sonet | De Souza | A08 | 27835611221 |
| | Paul | vd Berg | A04 | 27842632055 |
| 03-Aug | Marié | Snyman | B17 | 27733404004 |
| | Chene | vd Walt | A05 | 27795174273 |
| | Marietjie | vd Walt | C11 | 27832638815 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Jul | Lohan | Dekker | B18 | 27824151034 |
| 29-Jul | Lianka | Hoffmann | A02 | 27798940792 |
| 31-Jul | Leandri | Styger | C14 | 27832260285 |
| 02-Aug | Rulise | Badenhorst | A02 | 27829224034 |
| 03-Aug | Tinerie | Krynauw | B13 | 27636910019 |
| | Elzaan | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |



# *Ons gee om vir Mekaar*



*"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6*

- *Engela Swanepoel het 'n draai in die hospitaal gemaak (B5—654 7654).*
- *Marna Bosua sterk aan na 'n skoueroperasie (C11—083 260 2043).*
- *Mattie Reynecke sterk tuis aan na 'n val (A7—082 821 5893).*
- *Mossie Venter ontvang behandeling in Unitas Hospitaal (B7—072 758 2641).*
- *Daleen Gornall se gesondheid is nie na wense, sy is tans in Midstream Hosp (B9—082 778 5679).*

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***




## Alethea Ministry 11:00

Worship Service
Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Ekumenisiteit Londen

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Teologiese studentekas

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis**

## Terugvoer—Covenant Uitreik

Dit is met groot dank teenoor ons Vader dat ons as uitreikspan van GK Centurion kan getuig van 'n geseënde, voorspoedige en verrykende uitreik na Covenant College, Zambië. Ons twee voertuie, (8 mense) het vroeg op Woensdag, 26 Junie vertrek. Na 'n oorslaap in Botswana (Elephant Sands) en een in Zambië (Moorings) het ons na 37 ure se ry (3 dae) veilig in Petauke aangekom. Ons is hartlik begroet deur die personeel van Covenant College, ons familie in Christus (vir sommige 'n blye weersiens).

Die eenheid in Christus was van begin tot einde vir ons almal 'n groot samebindende faktor en geloofsverrykend. Ons span het vroeg die volgende oggend aan die werk gespring. André en Gerrit het die 'plumbing', bou-en-teëlwerk van die badkamers onder hande geneem. Tom en Attie was die elektriesespan en Mosiwa, Anél & kinders die verfspan, kookspan en morele ondersteuningspan.

Maggie en Emmanuel Sakala (hoof van Covenant) het ons in hul huis opgeneem en ons het soggens en saans die heerlikste maaltye saam geniet. Maggie se kookvernuf sal lank met groot dank, onthou word… As span het ons besluit om op 2 van die 3 chalets te fokus wat in die grootste 'nood' verkeer het en die span het 5 ½ dae lank aaneen gewerk om uiteindelik, Donderdagoggend die huisies, so klaar as moontlik, te 'oorhandig'. Die plaaslike mense wat kom help het, het by die bestes geleer en alhoewel daar nog werk was om te doen nadat ons weg is, is dit met groot vaardigheid en meer nougesetheid gedoen. Die blinders wat deur 'n vaardige span dames olv Ronél gemaak is, het die chalets baie mooi afgerond.

Ons as span is met verwondering gevul oor die ywer, geesdrif en toewyding waarmee die personeel by Covenant College werk. Te midde van vele aanslae, is hul fokus steeds om God se Koninkryk daar te bring en uit te bou.

Ons werk was fisies, maar ons is geestelik verryk. Ons gebed is dat die Here Sy werk daar van krag tot krag sal laat gaan; dat ons as groter gemeente van Centurion hierdie broers en susters se hande in gebed en daad sal neem om saam met hul te werk, sodat hul sal weet hulle stry nie alleen nie.

Baie dankie vir elkeen se ruim bydraes vir hierdie uitreik. Nie alleen het ons vele skenkings ontvang nie, maar ons is in gebed ook gedra.

Vanaf Emmanuel & Maggie Sakala, en die res van die personeel by Covenant, dra ons hul hartlike dank en groete aan die gemeente van Centurion oor.

'n Volledige terugvoer geleentheid sal gehou word op 18 Aug na die aanddiens.

Vir verdere inligting, kontak gerus: Attie van der Walt – 082 493 5328

## Sjokolade van die Wêreld

Kom leer meer van waar sjokolade vandaan kom en kom proe aan sjokolade van regoor die wêreld.



**Saterdag, 3 Augustus 2019**

**9:00 vir 9:30**

**Kerksaal**

Kaartjies teen R100pp beskikbaar onder die Olyfboom. Laaste dag vir aankope.

Vriendelike groete, Die Susters



...vervolg van bl 1

Daarom doen hierdie Sinode van Dordrecht in die Naam van die Here 'n beroep op almal wat die Naam van ons Verlosser Jesus Christus gelowig aanroep, om die geloof van die Gereformeerde Kerke *nie te beoordeel op grond van hier en daar saamgeroepte lasteringe of op grond van persoonlike uitsprake van verskeie ouer of jonger leraars nie*.

Hierdie uitsprake word dikwels slegs met kwade bedoelings aangehaal of vermink en tot 'n verkeerde betekenis verdraai. Hulle moet *eerder op grond van die openbare belydenisse van genoemde Gereformeerde Kerke oordeel* en op grond van hierdie uiteensetting van die regsinnige leer wat met algemene instemming van almal saam en van elke lid van die hele Sinode afsonderlik vasgestel is.

Vervolgens vermaan die Sinode hierdie lasteraars ernstig dat hulle moet besef watter *swaar oordeel van God hulle oor hulleself bring* as hulle teen soveel kerke en teen die belydenisse van soveel kerke valse getuienis gee, die gewetens van die swakkeres in beroering bring en naarstiglik streef om by baie mense die gemeenskap van die ware gelowiges verdag te maak.

Ten slotte doen hierdie Sinode 'n beroep op alle mededienaars in die evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en gelowig te gedra. Hulle moet hierdie leer sowel *mondeling as skriftelik* tot eer van Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uitlê. Hulle moet in ooreenstemming met die Skrif nie alleen na die reël van die geloof dink nie maar ook praat.

Eindelik moet hulle hulle *weerhou van alle uitsprake* wat die voorgeskrewe perke van die ware strekking van die Heilige Skrif oorskry. Sulke uitsprake kan aan die skaamtelose dwaalleraars 'n gegronde rede gee om die leer van die Gereformeerde Kerke sleg te maak Of te belaster.

Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig. *Mag Hy hulle wat dwaal, tot die waarheid lei en die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer*. Mag Hy die getroue dienaars van sy Woord die Gees van wysheid en onderskeiding gee, sodat al hulle uitsprake tot eer van God en tot opbouing van hoorders mag strek.

Amen

*Bogenoemde paragrawe is 'n slot wat die Sinode destyds self bygevoeg het ter verduidelikking.*

## GKSA MUSEUMS: KRUGERSKRAAL BESOEK

As deel van die TSP 150 Feesvieringe is daar op 20 September geleentheid om Krugerskraal, Potchefstroom te besoek waar voorlesings van Totius se werke gedoen sal word, van sy berymings deur 'n sanggroep gesing sal word en 'n foto-uitstalling sal wees.

**Koste**: R50 (Sluit vervoer vanaf Potchefstroom in). Bespreking teen 10 September by: elsabe.labuschagne@nwu.ac.za.